**Vrydag 11 Oktober**

| Skrifgedeelte: Lukas 3:1-12 | Fokusgedeelte: Lukas 3:7-9 (1983-vertaling) |
|---|---|

**Wedergeboorte en boetvaardigheid: Klippe kan sag word!**

In Lukas 3:1 – 4:13 sien ons hoe God die pad voorberei vir ons Here Jesus Christus se bediening om te begin. Skares het opgedaag om deur Johannes die Doper gedoop te word, terwyl die geestelike leiers van die dag hom geminag het. Hierdie reaksie het die weg gebaan vir hoe die mense teenoor Jesus ook sou reageer (Luk. 7:29-30).

En Johannes het hierdie skynheiligheid by die Fariseërs en skrifgeleerdes gesien, daarom noem hy hulle slange, net soos Jesus later ook sou doen (Matt. 23:33). Maar hierdie skynheiligheid dra ook vrugte en ’n mens kan dit in jou eie lewe en in die lewe van ander agterkom. Wees eerlik oor jou motiewe waarom jy kerk toe gaan (liefde tot God). Wees eerlik oor jou motiewe waarom jy jou naaste liefhet en help.

Johannes se doop was nie ’n vereiste vir verlossing nie, maar dit was ’n oproep tot ’n nuwe lewe. Hierdie nuwe lewe kan net deur bekering sigbaar word. En ware bekering gebeur wanneer mense se klipharte verander word. Johannes preek dan dat die Here die onmoontlike moontlik kan maak. Hy kan en sal klippe in kinders van Abraham (gelowiges) verander. “Ek sal die hart van klip verwyder, aan julle gee ’n hart van vlees” – Esegiël 36:26.

Ons dien ’n Here wat daardie hart wat met sonde worstel, nuut kan maak. Ons dien ’n Here wat daardie vriend of familielid se kliphart sag kan maak. Ons dien ’n Here wat die hardste klip sag kan maak. Glo ons in hierdie Here? Sien en beleef ons hoe Hy ons harte verander en sag maak? Aan Hom al die eer!

*Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2*

*Ds. W van den Heever (Werner) (Gobabis)*